# NONGQAI

Vol 16 No 10 Oct 2025



**COVER PHOTO:
SAC Trooper**

SUIDER-AFRIKA VEILIGHEIDSTUDIES & MAGTE GESKIEDENIS
SOUTHERN AFRICA SECURITY STUDIES & FORCES HISTORY

# NONGQAI
eerste uitgawe 1907

# EDITORS - REDAKSIE

SUID-AFRIKAANSE MAGTE GESKIEDENIS - SOUTH AFRICAN FORCES HISTORY


## EDITORS

The editor-in-chief of *NONGQAI* Magazine is retired Brigadier **Hennie Heymans** ("HBH") of the S.A. Police, who holds a Master's degree in National Security Studies and had represented the S.A.P. on the Secretariat of the State Security Council.

The editor of the **Ladies Edition** of *NONGQAI* is **Sarie van Niekerk** ("SvN"), herself a former police officer and journalist at *Beeld* newspaper.

The editor of *NONGQAI's* digital publications and group operations manager is **Dr. Willem Steenkamp** ("WPS"), a retired attorney and ambassador who is a former member of the N.I.S. and D.F.A. Willem is responsible for *NONGQAI's* YouTube channel and BLOG, plus our publisher, GREXPA s.a.

There are two sub-editors. Col. **Logan Govender** ("LG") is our lead historian on police officers of Indian descent. **Henning van Aswegen** ("HvA") renowned author formerly of the National Intelligence Academy, handles the intelligence desk.

Any opinions expressed by any editor (or by any other contributor), are entirely their personal responsibility, and should be attributed to them individually and **not to the editorial board, owners or publisher.**

## REDAKSIE

Die hoofredakteur van die *NONGQAI* tydskrif is afgetrede Brigadier **Hennie Heymans** ("HBH") van die S.A.Polisie, met 'n Meestersgraad in Nasionale Veiligheidstudies en wat die S.A.P. verteenwoordig het op die Sekretariaat van die SVR.

Die redakteur van *NONGQAI* se **vroue-blad** is **Sarie van Niekerk** ("SvN"), voormalige polisiebeampte en joernalis van die koerant *Beeld*.

Die redakteur van *NONGQAI* se digitale publikasies en ook groep-bedryfsbestuurder is **Dr. Willem Steenkamp** ("WPS"), afgetrede prokureur, ambassadeur en voormalige lid van N.I. en die D.B.S. Willem versorg *NONGQAI* se YouTube-kanaal en BLOG, en bestuur die uitgewer-maatskappy, GREXPA s.a.

Daar is twee sub-radakteurs. Kol. **Logan Govender** ("LG"), is ons historikus vir die geskienis van polisie-lede van Indiër-afkoms. **Henning van Aswegen** ("HvA"), skrywer voorheen van die Nasionale Intelligensie Akademie, versorg intel-nuus.

Enige menings uitgespreek deur enige lid van die redaksie (of deur enige ander bydraer), is hulle persoonlike verantwoordelikheid en moet hulle individueel toegereken word, **nie die redaksie, eienaars of uitgewer nie**.


## Aim & Policy - Doel & Beleid

Our goal is to collect and record our national security history for publication in the *NONGQAI* for future generations.

We publish the articles and stories as we receive them from our correspondents; we only correct spelling mistakes. It's important to publish the stories in the form and context that we received them from our correspondents. Policemen and Defence personnel have their own language and sub-culture. We are not a scientific or literary journal. We only work with historical building blocks, as in the oral tradition.

Ons doel is om die nasionale veiligheidsgeskiedenis in die *NONGQAI* aan te teken en só vir die nageslagte te bewaar.

Ons gebruik die artikels en stories soos ons dit van ons korrespondente ontvang; ons maak slegs die spelfoute reg. Dis belangrik om die stories te bewaar in die vorm en in die konteks soos ons dit ontvang. Lede van die veiligheidsmagte het hul eie taal en ons moet dit ook so aanteken. Ons is nie 'n letterkundige of wetenskaplike joernaal nie. Ons werk slegs met die boustene van die geskiedenis, in die orale tradisie.


## COPYRIGHT POLICY

*NONGQAI* is an educational publication without a profit motive, distributed free. As such, under S.A. Law it enjoys the general "reasonable use" exemption from the copyright that may be held by others in material re-published here-in. Ethically, such original authors and publications are cited and credited to the best of our ability, also regarding photos and imagery. **All we request for the use of our material is the same courtesy of crediting us in full.**

## ERKENNING VAN KOPIEREG

*NONGQAI* is 'n opvoedkundige publikasie sonder winsbejag wat gratis versprei word. As sodanig geniet dit onder S.A. Reg die "redelike gebruik"-vrystelling van ander se outeursreg in materiaal wat hierin her-publiseer word. Eties, word sulke oorspronklike outeurs en publikasies na die beste van ons vermoë siteer en erken, ook vir foto's en beeldmateriaal. **Al wat ons vra vir die her-gebruik van ons materiaal, is dieselfde hoflikheid van volledige kreditering.**


## Contact Particulars - Kontakbesonderhede


**Brig. Hennie Heymans:** +27 (0)72 336-1755 editor@nongqai.org **WEB:** www.nongqai.org



*Nongqai Magazine is carried on ISSUU and, with Nongqai Digital Media, is published by GREXPA s.a., incorporated in Guatemala – more info on website.*

# NONGQAI oorsprong & oogmerke

sedert 1907

***NONGQAI*** is 'n gratis aanlyn bewaarplek van herinneringe, historiese gegewens en ontledings rakende die nasionale veiligheidsgeskiedenis van Suider-Afrika. Dit dek van die heel onlangse tot die koloniale verlede van polisiëring, militêre ontwikkelinge, intelligensie en diplomasie in die streek. Dit word gedoen met twee hoof oogmerke: om rou historiese gegewens en die insigte van werklike deelnemers, geboekstaaf in die tradisie van orale vertellings, te bewaar tot voordeel van toekomstige geslagte; en, tweedens, om aan veterane van die dienste en gewapende magte 'n platform te bied waardeur hulle hul verhale en foto's kan deel, vir die leesgenot van ou kamerade, vriende en familie. ***NONGQAI*** doen dit sonder om die verlede te verheerlik, en ook nie om die verlede weer te wil herleef nie. Ons wil help om die goeie in die verlede te koester, deur die geskiedenis sonder kwaadwilligheid te boekstaaf.

Die eerste ***NONGQAI*** het in Maart 1907 verskyn as die amptelike kwartaallikse tydskrif van die polisie van die kolonie Natal. Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, en die daaropvolgende stigting van die Unie-weermag en die nasionale polisiemag in 1913, is besluit om die tydskrifte van die verskillende koloniale magte van voor die Unie, saam te voeg in een. Die naam ***NONGQAI***, wat in Zoeloe beteken "die koning se wagte", is gekies vir hierdie saamgevoegde tydskrif, wat die tydskrifte van koloniale dienste soos *The Bandolier*, *The Qakamba*, *The South African Constabulary Journal* en *The Transvaal Police Magazine* vervang het. Die nuwe 1913-weergawe van die ***NONGQAI*** verteenwoordig dus al die uniformdienste van die Unie, insluitend die Polisie, Weermag en Gevangenisdiens.


Nadat die Unie die Republiek van Suid-Afrika geword het, het die verskillende dienste geneig om hul eie tydskrifte te ontwikkel, soos *Paratus* vir die weermag en *Servamus* vir die polisie. Die oorgang in 1994 na 'n nie-rassige demokrasie het 'n einde gemaak aan daardie era, maar nie 'n einde aan belangstelling in die geskiedenis van daardie epogmakende tye nie. Brigadier Hennie Heymans het daarom die ***NONGQAI*** in e-tydskrif vorm laat herleef as 'n bewaarplek van data, herinneringe en ontledings oor die nasionale veiligheidsgeskiedenis van Suider-Afrika.

***NONGQAI*** se tradisionele e-tydskrifte (standaard en vroue-edisies) word aan die begin van elke maand gepubliseer en word gratis op ons Blog www.nongqai.org en die **ISSUU**-platform gedra. Spesiale uitgawes, wat elk oor 'n spesifieke tema handel, word gereeld gepubliseer. Ons Blog-artikels daarenteen, verskyn deurlopend, en so ook ons video's op YouTube. Die beleid van die redakteurs van ***NONGQAI*** is om nie in te meng met die inhoud wat deur bydraers voorgelê word nie, behalwe vir eenvormige blad-opmaak en hersiening van spelling en grammatika. ***Die inhoud is dus die verantwoordelikheid van elke individuele bydraende outeur; Nongqai, sy redakteurs en uitgewers aanvaar geen aanspreeklikheid daarvoor nie***. Die doel is om die voormalige deelnemers so outentiek en direk as moontlik te laat praat, sodat historici dit as bron van rou historiese gegewens kan gebruik in hul historiografiese evaluerings. ***NONGQAI*** self is dus ook nie 'n akademiese geskiedenis-publikasie wat aanspraak maak op wetenskaplike beoordeling of verifiëring van die inhoud wat sy vrywilliger bydraers op sy bladsye gedeel het nie.

***NONGQAI***, hetsy as tydskrifte of digitale media, is heeltemal gratis en toeganklik op ons web-blad: https://nongqai.org Dit kan aanlyn gelees word of as .pdf-dokumente afgelaai word. Die argief van vorige uitgawes verteenwoordig 'n skatkamer van historiese gegewens, foto's, persoonlike herinneringe en staaltjies, sowel as ontledings van belangrike nasionale veiligheidskwessies van die verlede en die hede – dit word bewaar op ons Blog, sowel as deur die Akademia Biblioteek.

# NONGQAI since 1907 our roots & goals

***NONGQAI*** is a free online repository of memories, historic data and analysis relating to the national security history of Southern Africa. It covers from the very recent to the very ancient past of policing, military developments, intelligence, and diplomacy in the region. It does so with two main goals: to provide raw historic data and insights from actual participants, in the tradition of oral history, for the benefit of future generations; and, secondly, to provide ex members of the services and armed forces with a platform through which to share their stories and photographs, for the reading pleasure of old comrades-in-arms, friends and family. This ***NONGQAI*** does, without glorifying the past, nor wishing to live again the past. It helps cherish the good in the past, recording history without malice.




The original ***NONGQAI*** magazine had started out in March 1907 as the official quarterly magazine of the police of the colony of Natal. After the establishment of the Union of South Africa in 1910, and the subsequent founding of the Union defence force and the national police force in 1913, it was decided to amalgamate the magazines serving the different pre-union colonial forces into one. The name ***NONGQAI***, which in Zulu means "the king's watchmen", was chosen for this amalgamated magazine, which replaced the pre-union colonial services magazines such as *The Bandolier*, *The Qakamba*, *The South African Constabulary Journal* and *The Transvaal Police Magazine*. The new 1913 version of the ***NONGQAI*** thus represented all the uniformed services of the new Union, including the police, the military, and the prisons service.

After the Union became the Republic of South Africa, the different services tended to develop their own magazines, such as *Paratus* for the military and *Servamus* for the police. The 1994 transition to a non-racial democracy brought an end to that era, but not an end to interest in the history of that era. Brigadier Hennie Heymans thus revived the ***NONGQAI*** in e-magazine form, as repository of data, memories, and analysis about the national security history of Southern Africa.

***NONGQAI*** in its traditional magazine format (standard and Ladies' editions) is published at the beginning of each month and is carried on our Blog www.nongqai.org and the ISSUU platform. Special issues, each dealing with a particular theme, are regularly published. Our Blog posts and YouTube videos, on the other hand, are published throughout the month.

The policy of the editors of ***NONGQAI*** is not to interfere with the content of articles submitted and deemed publishable, except for uniform formatting and reviewing spelling and grammar. ***The content is therefore the responsibility of each individual contributing author; the editors, owners and publoshers accept no liability for it.*** The objective is to let the former participants talk, as authentically and directly as possible, for historians to use as source of raw historic data in their historiographic evaluations of past events. ***NONGQAI*** itself thus isn't, nor does it pretend to be, an academic history publication laying claim to scientific assessment or verification of the content its volunteer contributors had shared through its pages.

***NONGQAI*** is entirely free and accessible on the internet, where it can be read online or downloaded as .pdf documents. Its archive of past editions represents a treasure trove of historic data, personal recollections, and anecdotes, as well as analysis of important national security issues, past and present. This archive can be found on our Blog, and in the care of the Akademia Library.

## Table of Contents


ELEKTRONIESE BEDIENING: GEBEDSGEDAGTE: ...EN HOE SIEN GOD MY? ........................ 7

Nongqai se Kapelaan: Pastoor Koot Swanepoel (082-041-9123) ........ 7

VOORBLAD | COVER ........ 8

The South African Constabulary: Lord Baden-Powell's Mounted Legacy ........ 8

VOORBLAD: Die South African Constabulary: Lord Baden-Powell se Berede Nalatenskap ....... 9

WELCOME & FOREWORD | VOORWOORD & WELKOM ........ 11

Hennie Heymans ........ 11

MAANDBOODSKAP: NONGQAI IS HERSTRUKTUREER: ........ 11

- Henning Van Aswegen, Nuwe Redakteur: Nongqai ........ 11

Deur mnr Johan Mostert ........ 11

- Uittredende redakteur en nuwe hoofredakteur van Nongqai: Hennie Heymans ........ 13

MY UITTREDE UIT DIE POLISIE (VERVOLG) ........ 16

Genl JV van der Merwe ........ 16

SAP KING'S REST: DISTRIK 75: DURBAN-SUID ........ 18

HBH ........ 18

- Motorbestuurder vir Diensoffisier ........ 18

BLOG-INSKRYWINGS: OKTOBER – BLOG POSTS: OCTOBER ........ 23

SLOT | END ........ 38




Basutoland Mounted Policeman



Generaal Jannie Geldenhuys – Hoof van die SAW (Foto – HBH)







## ELEKTRONIESE BEDIENING: GEBEDSGEDAGTE: ...EN HOE SIEN GOD MY?

**Nongqai se Kapelaan: Pastoor Koot Swanepoel (082-041-9123)**

(Rigters 6:11-12) "...en Gideon was besig om koring uit te slaan in 'n parskuip waar hy weggekruip het vir die Midianiete. Die Engel van die Here het aan hom verskyn en vir hom gesê: 'Die Here is by jou, dapper man'!"- Gideon het homself nie as ’n dapper held gesien nie. Hy het letterlik in 'n gat weggekruip vir sy vyande, bang en vol twyfel. En tog, toe God na hom toe kom, praat Hy nie oor Gideon se vrees of swakheid nie - God praat oor sy ware identiteit, soos Hy hom sien - 'n dapper held! Daar is dieselfde patroon deur die Bybel met mense wat gevoel het hulle is nie goed genoeg vir 'n taak of selfs die lewe nie! Bv: Moses sê hy kan nie praat nie (Ex 4:10-11) - maar God sê: Ek sal met jou mond wees. Jeremia sê hy is te jonk (Jer 1:6-8) - God antwoord: “Moenie sê jy is te jonk nie.” Petrus val en faal (Matt 16:18) - maar Jesus sê: “Jy is die rots waarop Ek my kerk sal bou.” God sien nie net wie ek IS nie, Hy sien wie ek kan wees deur Sy Gees.
Selfs as ek wegkruip agter my vrese, my verlede of my gevoel van 'nie goed genoeg wees nie,' roep Hy my steeds op my naam. Hy spreek lewe, doel en identiteit oor my uit. Hy vra nie net 'wat het jy?' nie, maar sê ook 'Ek is met jou.' Deut 31:6; Ps 23:4; Jes 41:10; Matt 28:20; Rom 8:38-39! As ek in Hom glo, sê Joh 1:12, ek word Sy kind - en dit verander alles. My waarde lê nie in wát ek kan doen nie, maar, aan Wie ek behoort. Al kruip ek weg, God sien my steeds - en Hy spreek oor my lewe nie wat ek is nie, maar wat ek ín Hom is!

Before I spoke a word, You were singing over me. You have been so, so good to me. Before I took a breath, You breathed Your life in me. You have been so, so kind to me. Oh, the overwhelming, never-ending, reckless love of God, Oh, it chases me down, fights ‘til I’m found, leaves the ninety-nine, I couldn’t earn it, I don’t deserve it, still You give Yourself away. Oh, the overwhelming, never-ending, reckless love of God. There’s no shadow You won’t light up mountain You won’t climb up, coming after me. There’s no wall You won’t kick down, lie You won’t tear down, coming after me!

# NONGQAI
## Voorblad
## Cover story




### The South African Constabulary: Lord Baden-Powell's Mounted Legacy

On the cover of this edition of Nongqai, we pay tribute to a mounted trooper of the South African Constabulary (SAC)—a semi-military force born in the aftermath of war, forged in the crucible of imperial ambition, and remembered today as a unique experiment in colonial policing. Founded by Lord Robert Baden-Powell, famed military strategist and later founder of the Boy Scouts, the SAC was tasked with stabilizing and policing the newly annexed territories of the Transvaal, Orange River Colony (formerly the Free State), and Swaziland following the Anglo-Boer War (1899–1902).

**Origins and Purpose**

The SAC was established in 1900 under British authority, with Baden-Powell appointed as its first Inspector-General. Drawing on his experience in frontier warfare and intelligence, Baden-Powell envisioned a disciplined, mobile force that could maintain law and order in regions still reeling from conflict. The SAC was not a conventional police service—it was a hybrid entity, part military, part civil, and wholly colonial in character. Its members were often veterans of the war,

recruited from Britain, Canada, Australia, and South Africa, trained to ride, shoot, and patrol vast rural areas with minimal support.

**Structure and Deployment**

At its peak, the SAC numbered over 6,000 men, organized into mounted units stationed across the Transvaal and Orange River Colony, with a smaller contingent in Swaziland. Their duties included:

- Suppressing banditry and cattle theft
- Enforcing pass laws and curfews
- Monitoring Boer resistance and unrest
- Assisting in tax collection and census-taking
- Supporting civil administration and infrastructure repair

The SAC operated from remote outposts, often living in tents or rudimentary barracks, and relied heavily on horses for mobility. Their uniforms—khaki tunics, slouch hats, and bandoliers—reflected their dual identity as both peacekeepers and soldiers.

**Legacy and Transition**

Though the SAC was disbanded in 1908, its influence endured. Many of its members transitioned into the newly formed Transvaal and Orange River police forces, and later into the Union of South Africa’s national police service. Baden-Powell’s emphasis on discipline, self-reliance, and civic duty would echo in his later creation of the Boy Scouts, where the ideals of service and preparedness found a new generation of followers.

Today, the image of the SAC trooper—mounted, resolute, and watchful—reminds us of a complex chapter in South African history. It was a time of reconstruction and repression, of imperial order and local resistance. The SAC was both a product and a tool of empire, but its story also reveals the human dimension of policing in a fractured land.

As we reflect on this legacy, let us honor the memory of those who served, and continue to examine the deeper truths behind the uniforms and the badges.

## VOORBLAD: Die South African Constabulary: Lord Baden-Powell se Berede Nalatenskap

Op die voorblad van hierdie uitgawe van Nongqai bring ons hulde aan ’n berede konstabel van die South African Constabulary (SAC)—’n semi-militêre mag wat in die nasleep van oorlog ontstaan het, gesmee is in die smeltkroes van imperiale ambisie, en vandag onthou word as ’n unieke eksperiment in koloniale polisiëring. Die SAC is gestig deur Lord Robert Baden-Powell, bekende militêre strateeg en later stigter van die Boy Scouts. Hy is aangestel as die eerste Inspekteur-Generaal van die mag, wat die taak gekry het om wet en orde te handhaaf in die pas-

geannekseerde gebiede van die Transvaal, die Oranjerivierkolonie (voorheen die Vrystaat), en Swaziland ná die Anglo-Boereoorlog (1899–1902).

**Oorsprong en Doel**

Die SAC is in 1900 onder Britse gesag gestig. Baden-Powell het, met sy ervaring in grensoorlogvoering en intelligensiewerk, ’n gedissiplineerde, mobiele mag voorgestel wat in staat sou wees om stabiliteit te bring in ’n streek wat steeds deur konflik getraumatiseer was. Die SAC was nie ’n gewone polisiediens nie—dit was ’n hibriede entiteit: deels militêr, deels siviel, en volkome koloniaal van aard. Lede is gewerf uit Brittanje, Kanada, Australië en Suid-Afrika, dikwels veterane van die oorlog, en is opgelei om te ry, te skiet en groot landelike gebiede te patrolleer met min ondersteuning.

**Samestelling en Ontplooiing**

Op sy hoogtepunt het die SAC meer as 6 000 lede gehad, georganiseer in berede eenhede wat oor die Transvaal en Oranjerivierkolonie gestasioneer is, met ’n kleiner kontingent in Swaziland. Hul pligte het ingesluit:

- Die onderdrukking van bende-aktiwiteite en veediefstal
- Die afdwing van paswette en aandklokreël
- Die monitering van Boere-onrus en weerstand
- Hulp met belastinginvordering en sensusopnames
- Ondersteuning van burgerlike administrasie en infrastruktuurherstel

Die SAC het vanaf afgeleë buiteposte geopereer, dikwels in tente of eenvoudige barakke gewoon, en het swaar op perde staatgemaak vir mobiliteit. Hul uniforms—kakie-tunieke, opslaan-hoede en bandeliers—het hul dubbele identiteit as vredeshandhawers en soldate weerspieël.

**Nalatenskap en Oorgang**

Hoewel die SAC in 1908 ontbind is, het sy invloed voortgeleef. Baie van sy lede het oorgegaan na die nuwe Transvaalse en Oranjerivier-polisiedienste, en later na die Unie van Suid-Afrika se nasionale polisie. Baden-Powell se klem op dissipline, selfstandigheid en burgerlike diens sou later weerklink in sy stigting van die Boy Scouts, waar die ideale van diensbaarheid en paraatheid ’n nuwe generasie volgelinge gevind het.

Vandag herinner die beeld van die SAC-konstabel—berede, waaksaam en vasberade—ons aan ’n komplekse hoofstuk in Suid-Afrika se geskiedenis. Dit was ’n tyd van heropbou én onderdrukking, van imperiale orde en plaaslike weerstand. Die SAC was beide ’n produk en ’n instrument van die Britse Ryk, maar sy verhaal openbaar ook die menslike dimensie van polisiëring in ’n verdeelde land.

Terwyl ons op hierdie nalatenskap reflekteer, bring ons hulde aan dié wat gedien het, en bly ons soek na dieper waarhede agter die uniforms en kentekens.

## WELCOME & FOREWORD | VOORWOORD & WELKOM

**Hennie Heymans**

| Welkom | Welcome |
|---|---|
| Hartlik welkom by hierdie besondere uitgawe – besonder as gevolg van ons lesers se deelname met artikels en foto's | A warm welcome to this special edition – especially because of our readers' participation with articles and photos. |
| **Opvoedkundige, Kultuur-Historiese tydskrif** | **Educational, Cultural-Historical magazine** |
| Nongqai is 'n opvoedkundige en kultuur-historiese tydskrif wat sy inhoud vir die nageslag bewaar. Dit is slegs komende geslagte wat ons na behore kan evalueer. | Nongqai is an educational and cultural-historical magazine that preserves its content for posterity. Only future generations can properly evaluate it. |
| **Nuwe Redakteur** | **New Editor** |
| Hierdie is my "laaste" uitgawe. Ons wens die nuwe redakteur mnr Henning van Aswegen alle sterkte toe. | This is my "last" edition. We wish the new editor everything of the best. |

*HBH*

## MAANDBOODSKAP: NONGQAI IS HERSTRUKTUREER:

- **Henning Van Aswegen, Nuwe Redakteur: Nongqai**

### Deur mnr Johan Mostert

(Laaste Hoof en Sekretaris van die Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad)

Abstract:

Henning van Aswegen, a former member of South Africa's National Intelligence Service (NI) and a respected researcher and author on security matters, has been appointed as the new editor of Nongqai. He will oversee the magazine's daily operations, while Brigadier Hennie Heymans continues as editor-in-chief, responsible for strategic direction. Van Aswegen brings deep expertise in intelligence science and South African security history, reflected in his numerous publications, including Die Buro, The Daisy Spy Ring, Russian Espionage in South Africa, and Spymasters of South Africa. His work spans academic research, children's literature, and satirical sketches, and he remains active in promoting intelligence studies at South African universities. A versatile writer and cultural historian, Van Aswegen is also a member of the South African Society for Cultural

History (SAVK) and has fostered valuable links between Nongqai and institutions such as Akademia, North-West University, and UNISA.

Nongqai se nuwe redakteur is **Henning van Aswegen (foto)**; ‘n oud-lid van die Nasionale Intelligensiediens (NI), en ook algemeen bekend as ‘n navorser en skrywer oor veiligheidsake. Hy is voortaan verantwoordelik vir die dag-tot-dag bedryf van die tydskrif terwyl die vorige redakteur, brig. Hennie Heymans, as hoofredakteur verantwoordelik vir beleidsake sal optree.



Henning het ‘n intense belangstelling in die wetenskap van intelligensie en in die geskiedenis, in besonder dié van die veiligheidsgemeenskap in Suid-Afrika. Sy kundigheid blyk duidelik uit die publikasies wat uit sy pen verskyn het. Hy het onlangs wyer bekendheid verwerf nadat sy jongste twee boeke, Die Buro: Genl. Lang Hendrik van den Bergh en die Buro vir Staatsveiligheid (Imprimatur Uitgewers) en The Daisy Spy Ring (Naledi), verskyn het. Beide is lywige publikasies wat tans op die rakke van boekwinkels is. Twee van sy boeke, Russian Espionage in South Africa, The Spymasters of South Africa en Spioenmeesters (Kraal Uitgewers)(deur Amazon.com in Kindle formaat beskikbaar gestel), asook ‘n reeks van sestien overte inligting-publikasies *‘Training Intelligence Officers.’* Spymasters in Afrikaans is tans ook ‘n flink verkoper. Al hierdie boeke getuig van deeglike navorsing wat oor ‘n lang periode onderneem is.

Sy Amazon-profiel lees soos volg:

About the author

Writer and journalist, living in Strand, South Africa.

Went to Virginia Volkskool, Goudveld High School in Welkom and became a commissioned officer (lieutenant) in the SADF during his period of compulsory national service. He studied at Potchefstroom University (PU vir CHO) & the University of South Africa (UNISA), earning post-graduate degrees in journalism and political science.

Henning van Aswegen was born in Bloemfontein in 1955 and grew up in the mining town of Virginia in South Africa's Orange Free State. After spending years living in the USA, Britain, and France, Henning returned to South Africa and lives in the seaside village of Strand, on the Western Cape's Eastern Peninsula. From here, Henning writes on political science and espionage, and children's story books such as 'Vrystaatstories' and the 'Mason in the Jungle' series.

Voor sy aftrede was Henning dosent aan die nasionale Intelligensie-Akademie (NIA) van NI. Meer onlangs het hy ‘n seminaar oor die intelligensiewese by sy alma mater, Potchefstroom Universiteit, aangebied. Hy beywer hom tans vir die uitbouing van intelligensiekunde en sekerheidstudies by Suid-Afrikaanse universiteite. Hy het reeds waardevolle skakeling tussen Nongqai en die Afrikaanse universiteit Akademia, asook Noordwes Universiteit en UNISA bewerkstellig.

Henning is uiters veelsydig. Soos in sy profiel hierbo vermeld, het hy benewens sy navorsing en skryfwerk oor die veiligheidswêreld en intelligensiewetenskap, informele en humoristiese sketse en stories gepubliseer met titels soos die ‘Ou Korrelkop’: ‘n Kranige ou korrelkop wat altyd moeilikheid soek (en dit kry), ‘Alfatoon’ (Plato se skriba) en ‘Spangiro’ (wat aan die Afrikaanse digter Sangiro opgedra is). Hy het ook ‘n reeks Vrystaatstories geskryf (Naledi Uitgewers), waarvan Die Avonture

van Mossieman en Geronkie die Donkie deel is. Henning het meermale die Comrades-ultramarathon aangedurf (en laaste plek verwerf), aan die Ysterman-ultradriekampkompetisie deelgeneem (tweede laaste plek), asook die Ultraman-uithoureeks (derde laaste plek).

Benewens sy skrywery wat hy as 'n stokperdjie beskou, is Henning 'n ywerige lid van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis (SAVK).

- ## Uittredende redakteur en nuwe hoofredakteur van Nongqai: Hennie Heymans

**Abstract**

Nongqai, a magazine dedicated to preserving South Africa's national security history, has undergone a restructuring, with Brigadier Hennie Heymans appointed as the new chief editor. Previously, Heymans served as executive editor, a role now taken over by a new appointee. Heymans is recognized for his significant contributions in creating a balanced narrative of the pre-1994 South African security forces, countering one-sided and negative portrayals that dominated post-1994 narratives. Through Nongqai, he revived a vital collection of source material, ensuring a broader perspective on the past that is indispensable for historians. The magazine has served as a platform for veterans to share their oral histories, preventing these accounts from being lost, and has published insightful articles and special editions focused on specific topics. Despite lacking publishing expertise and financial resources, Heymans single-handedly managed the magazine's production for years, later joined by Dr. Willem Steenkamp and, more recently, Henning van Aswegen. Nongqai stands as a testament to Heymans' selfless dedication to historical truth, driven by his loyalty to the South African Police and appreciation for the security forces' role in stabilizing the country during challenging times. The magazine, guided by the motto "To preserve the past without living in it," remains a trusted, unbiased source of historical documentation, reflecting Heymans' integrity and passion.

Nongqai is herstruktureer en **brig. Hennie Heymans (foto)** is die nuwe hoofredakteur. Die jare het aangestap en die moeisame taak van uitvoerende redakteur wat hy vir soveel jare behartig het, sal voortaan deur 'n nuwe uitvoerende redakteur hanteer word.



Brig. Hennie sal altyd onthou word vir sy reuse bydrae om 'n gebalanseerde beeld van die rol van die veiligheidsmagte van voor 1994 te skep.  Ná 1994 het eensydige en negatiewe voorstellings die narratief oorheers. Met die Nongqai-tydskrif, wat hy uit die as laat opstaan het, het hy 'n onontbeerlike versameling bronmateriaal opgebou wat die perspektief op die verlede aansienlik verruim. Sonder dit wat deur Nongqai geboekstaaf is, sal geen historikus reg kan laat geskied aan die werklikheid van gister nie.

Deur Nongqai het brig. Hennie ‘n platform geskep vir veterane om hulle herinneringe onder mekaar te deel en te verseker dat hierdie mondelingse geskiedenis (oral history) nie verlore gaan nie. Meer insigartikels is mettertyd gepubliseer wat die waarde van Nongqai as naslaanbron verhoog het.



Nongqai het gereeld maandeliks verskyn, maar tussendeur is daar ook nog spesiale uitgawes gepubliseer wat op bepaalde onderwerpe gefokus het.

Sy loopbaan in die Polisie en sy tyd by die Sekretariaat van die Staatsveiligheidsraad (SSVR) is bekend. ‘n Hele aantal van sy herinneringe verskyn as artikels in vorige uitgawes van Nongqai. Minder bekend is die entoesiasme en onvermoeide ywer waarmee hy Nongqai vir etlike jare bedryf het. Sy dryfkrag was sy groot lojaliteit teenoor die SA Polisie asook sy waardering vir die veiligheidsmagte se bydra tot die stabilisering van die land, veral gedurende die uitdagende laaste dekades voor die aanbreek van die nuwe staatkundige bedeling. Sy passie was om te verseker dat die inligting nie verlore gaan nie.

(**Foto: Mnr Johan Mostert**)


Hy het oor geen kennis van die publikasiewêreld beskik nie en moes algaande leer. Man alleen en op eie koste moes hy die mas opkom. Baie ure per dag moes hy tuis swoeg om materiaal in die hande te kry om. Alleen moes hy die fisiese samestelling van elke uitgawe hanteer. Alles moes tuis gedoen word. Weens gebrek aan finansies en professionele hulp moes brig. Hennie jare lank alleen die fort hou. Later het dr. Willem Steenkamp by hom aangesluit en saam het hulle ‘n gedugte span gevorm. Die nuwe redakteur, Henning van Aswegen, het meer onlangs by hulle aangesluit.

By geleentheid het ek met ‘n gerekende geskiedkundige oor Nongqai  gesels. Sy was van mening dat die tydskrif ‘n uitstekende bydrae kan lewer om historici te help om die verlede beter te begryp. Daarom dat selfs die kleinste brokkies wat deur die jare aangeteken is, waardevol is om die tydsgees van destyds te help verstaan. Dit sou nie doeltreffend gedoen kon word as dit nie vir die versiendheid en onvermoeide passie van brig. Hennie was nie.

Nongqai dien as ‘n monument vir Hennie Heymans – ‘n man wat ‘n diens van onskatbare waarde aan geskiedskrywing oor ‘n uiters belangrike faset van die geskiedenis  van Suid-Afrika gelewer het – ‘n man wat dit selfloos gedoen het terwille van ‘n saak groter as hyself, die soeke na waarheid. Sy persoonlike integriteit het daarvoor gesorg dat Nongqai vertrou word om balans te handhaaf nie ‘n versteekte agenda te bevorder nie.

Sy motto vir Nongqai het hy gestand gedoen: “Om die verlede te bewaar sonder om in die verlede te leef”. En dit in die gees van wat as subhoof van Nongqai by elke uitgawe aangebring word: “U nasionale veiligheidsgeskiedenis tydskrif sonder kwaadwilligheid”.

‘n Persoonlike nota: ek het Hennie leer ken as ‘n uiters toegewyde en opregte persoon met ‘n groot kundigheid oor veiligheidsake. Hoe hy daarin geslaag het om alles te doen om Nongqai aan die gang te hou, het my verstom. Hy is ‘n wellewende mens wat gemaklik met mense uit alle sosiale strata kan kommunikeer. Hy was en is bevriend met talle voormalige ministers en senior lede van die SA Polisie en die veiligheidsmagte, maar ook met oud-stryders wat nie hoë range beklee het nie. Sy ervaring en insig sal verseker dat hy as hoofredakteur steeds ‘n beduidende bydrae kan lewer tot die uitbouing van Nongqai.



**ON HIS MOKE.**

Sergt. S. F. Pieterse, N.C.O. in charge of the S.A. Police Foot and Mouth Disease Cordon for the Waterberg District, on patrol along the border.




## MY UITTREDE UIT DIE POLISIE (VERVOLG)

### Genl JV van der Merwe

Kort ná my gesprek oor my aftrede met mnr. Mandela het genl. George Fivaz my kom spreek en vertel dat mnr. Mufamadi hom gevra het om die aanstelling van nasionale kommissaris van die nuwe polisiediens te aanvaar. Meer senior generaals is oor die hoof gesien en genl. Fivaz was onseker oor wat die gevolge van so ŉ aanstelling sou wees.

Genl. Fivaz was in daardie stadium hoof van Doelmatigheidsdienste en deeglik onderlê in strategiese beplanning en bestuur. Hy het jare lank nie ŉ uitvoerende pos beklee nie en was dus nie regstreeks by die konflik van die verlede betrokke nie, ŉ dodelike diskwalifikasie in die oë van die ANC. In die omstandighede was hy beslis die geskikste persoon vir die pos en ek het dit so aan hom gestel.

Daar was verskeie ander generaals wat meer senior en ervare as genl. Fivaz was, onder andere genl. Johan Swart, adjunkkommissaris, genl. Colin Steyn van die speurafdeling en genl. Koos Calitz, streekkommissaris van die Witwatersrand. In die ou bedeling sou hulle beslis meer geskik gewees

het vir so ŉ aanstelling. Daar bestaan ook geen twyfel dat ŉ aanstelling soos dié van genl. Fivaz in die ou bedeling tot openlike verset by die ander generaals sou gelei het nie. Senioriteit, ervaring en diens in die verskillende range het voorheen ŉ deurslaggewende rol by bevorderings gespeel. Dit het die gesagslyn in die Polisie bepaal en enige afwyking daarvan het die persoon wat bevorder is, suur bekom. Hy is met minagting behandel en sy gesag is ondermyn.

ŉ Groepie senior polisie-offisiere, onder wie ook genl. Fivaz, toe nog ŉ brigadier, het op ŉ keer in 1986 in die teenwoordigheid van genl. Lothar Neethling, hoof van die Forensiese Laboratorium van die Polisie, oor hierdie verskynsel gepraat. Genl. Neethling is vanweë sy besondere akademiese kwalifikasies en vermoëns tot die Polisie toegelaat en het nie die gewone polisie-opleiding ondergaan en polisie-eksamens afgelê nie. Hy het verontwaardig aan brig. Fivaz gevra: "Wil jy vir my sê omdat ek nie ŉ perd se poephol in die kollege skoongemaak het, ek nie kommissaris kan word nie?"

Die nuwe bedeling het egter ander vereistes as senioriteit, ervaring en diens gestel. Om met mnr. Mufamadi en sy span raadgewers saam te werk, was ŉ kuns wat ŉ besondere buigsaamheid en verdraagsaamheid geverg het. Hulle het dissipline in ŉ heel ander lig as ons beskou en ek het soms die indruk gekry dat hulle hulle glad nie daaraan steur nie. Voorheen het ŉ ondergeskikte onmiddellik op aandag gespring wanneer ŉ offisier by ŉ vertrek instap. Ek het later verneem dat gewone lede doodluiters bly sit het wanneer selfs die kommissaris ŉ vertrek binnekom.

